

29 Mei

Skrifgedeelte: Hebreërs 5:1-10

Fokusgedeelte: Hebreërs 5:8, 9

Geestelike groei deur groei in gehoorsaamheid

Die reis deur die lewe moet ons geestelik laat groei. Geestelike groei is die proses waar iemand in geloof met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken (2 Pet. 1:8). Om Jesus met ywer beter te leer ken en Hom met ons lewe aan die wêreld te verkondig, moet ons gehoorsaam wees. Soos Christus gehoorsaamheid deur lyding geleer het, so moet ook ons. In Hebreërs 5:8 lees ons: "Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is." Dit is 'n vreemde sinsnede, maar wat ons hieruit moet leer, is dat gehoorsaamheid vir die Seun van God nie outomaties gekom het nie, Hy moes dit deur swaarkry, lyding en beproewing leer.

Dit geld ook vir ons. Gehoorsaamheid aan God kom nie vanself nie, dit moet geleer word! Is dit die rede waarom swaar tye soms oor Christene kom? Dikwels sien ons hoe omstandighede gelowiges voor die bors gryp en op die grond wil platdruk. Soms is dit siekte, ander kere teleurstellings soos egskeidings of ambisies en ideale wat nie bereik is nie. In sulke tye voel die gelowiges vuisvoos geslaan deur die aanslae van die lewe.

Dit is juis in hierdie omstandighede waarin Christus as Hoëpriester vir ons 'n uitnemende voorbeeld kom stel het. Hy het dit vir ons moontlik gemaak om ons kruis te dra, om die chaos in hierdie wêreld te beheer, deur sy lyding en kruisdood. Daarom lees ons in Hebreërs 5:9 dat Hy, toe Hy op Golgota die volmaakte offer gebring het, vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die Bron van ewige saligheid geword het. Deur die verlossing wat Hy aan die kruis vir ons bewerkstellig het, kan ons as gelowiges ook in lyding en beproewing staande bly en in gehoorsaamheid aan God groei.

Is Hy in alle omstandighede u Bron, groei u deur swaarkry meer en meer tot gehoorsaamheid aan Hom?

Sing: Psalm 42-1:1, 3, 5

Dr. D (Deon) Lartz (Edenvale)